

Maandag 3 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 28:1-7; 29:20-25 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 28:4-5; 29:23

Die Here seën Salomo met 'n koninklike majesteit soos geen een voor hom ontvang het nie

Koning Dawid kom aan die einde van sy koningskap en sy lewe, maar eers roep hy 'n vergadering byeen van al die volksleiers en hooggeplaasdes. Daar in die vergadering maak hy dan bekend dat die Here uit sy seuns sy troonopvolger uitgekies het (1 Kron. 28:5-7). So, onder die genadevolle en seënende hand van die Here, kan hy sy seun Salomo aanwys as sy troonopvolger.

Maar Salomo? Nie soos gebruiklik die oudste seun, dus nie Amnon of Absalom nie, maar deur God gekies en aangewys, die seun van Batseba. Batseba, vroeër die vrou van Uria, die vrou met wie Dawid owerspel gepleeg het. 'n Oortreding waarvoor Dawid diepe berou toon wanneer die profeet Natan hom daarvoor konfronteer (Ps. 51).

Hierin ontvang Dawid 'n volgende wonder van God wanneer Salomo nie net as troonopvolger deur God aangewys word nie, maar ook as die koning van vrede wat die tempel, wat Dawid nie waardig was om te bou nie, vir God mag oprig as ontmoetingsplek vir die Here met sy volk Israel. Dit beteken: deur die genade van die Here is die ongeregtigheid van Dawid met Batseba weggeneem (Ps. 32:5). Dit gee Dawid die versekering van God se belofte dat sy geslag die troon van die Here sal inneem (1 Kron. 28:5; 29:23).

Dit beteken dat ons Here die eintlike Koning van Israel is; die aardse koning is alleen maar sy orgaan – die persoon deur wie God regeer – sy heerskappy in Christus duur tot in ewigheid!

Met hierdie geskiedenis word ons verseker van God se genadevolle verkiesing tot koningsheerskappy. God kies mense in Christus om sy heerskappy te handhaaf oor alles wat verkeerd en sondig is, oor Satan en sy magte en oor ons eie vlees.

Sing: Psalm 32-1:1, 3

Ds. JE Franck (Blok) (Ladysmith)